
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die man wat in die winter en lente eenders doen, loop die reguitpad.*

# Die O.B.



*Die man wat in die winter anders praat, loop die kronkelpad.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 10 JUNIE 1942. No. 31.

## VERWEER TEEN VOLKSMISLEIDING

### UITNODIGING AAN DR. MALAN OM HOM VAN FEITE TE VERGEWIS

Elke keer as dr. Malan 'n toespraak gehou het, rus die onaangename taak op ons om sekere onjuiste bewerings van hom te weerlê. 'n Maand of wat gelede moes ons 'n hele kolom afstaan vir dié doel onder opskrif ,,Demokratiese Onjuisthede''. Na sy onlangse toesprake in Transvaal is ons verplig om dit weer te doen, maar ons doen dit hierdie keer met 'n uitnodiging aan dr. Malan sodat hy homself kan kom oortuig van die waarheid. Eenheid sal die volk nooit verkry voor hulle reg ingelig word nie. Eenheid is ook onmoontlik as die feite nie geëerbiedig word nie. Wat onjuis was in sy toespraak is o.a. die bewerings:

(1) Dat daar van ,,die O.B. in Kaapland nog net 'n kopbeen oorgebly het.'' Graag nooi ons dr. Malan, waar hy dit in Johannesburg gesê het, uit om die kommando-lyste in ons kantoor en die intekenaarlyste van ,,Die O.B.'' met dié van sy lyforgaan te kom vergelyk. Hy sal dan sien waarom die lys van bydraes vir die Noodhulpfonds syne in Kaapland so ver oortref. Daarby sal hy hom ook herinner dat al hierdie duisende O.B.-lede in Kaapland lede was van sy party.

(2) Ook beweer hy dat die O.B. geduinkerk het wat die staatsamptenare betref. Waarheid is dat die Party dan lank reeds voor die tyd in dié opsig moes geduinkerk het, want staatsamptenare is lank gelede al verbied om lid van 'n politieke party te wees en aan sulke bedrywighede deel te neem.

Maar afgesien hiervan, sal die volk hom nog herinner dat dr. Malan in November 1940 te Cradock op dramatiese wyse plegtig onderneem het om leiding te gee indien die Regering aan die Ossewabrandwag sou vat. **In Maart die volgende jaar, dit wil sê voordat die broedertwis ontketen is, het die Regering aan die O.B. gevat deur sy verbod op staatsamptenare. Ons wag nog op dr. Malan se leiding in verband daarmee, of is daar werklik geduinkerk soos dr. Malan beweer** — net soos in die geval van die gewere toe die partyleiers ook leiding beloof het, maar toe een van dr. Malan se grootste luitenante in stilte vrystelling gaan vra het vir sy geweer?

(3) Hy beweer dat die O.B. ten opsigte van die wit rokke geduinkerk het. Daarmee wil hy te kenne gee dat die O.B.-vroue nie meer die wit rok aantrek nie omdat die Regering 'n bevel daarteen uitgereik het. **Waarheid is egter dat die wit rok vandag meer gedra word as ooit tevore. Sy eie lyforgaan, Die Burger (22 Julie 1941), het indertyd die volgende aankondiging gedoen: ,,Verbod op wit rokke en armbande opgehef.'' Indien dr. Malan hierdie berig in sy koerant nie glo nie — ons neem hom dit nie kwalik nie — nooi ons hom uit om maar net te kom kyk na 'n O.B.-funksie in Kaapland. Selfs sy koerantverslaggewers wat die voorsitter van die Grootraad en die A.K.G. van Transvaal as sprekers op 'n O.B.-vergadering nie kan raaksien nie, sal hom kan inlig dat die dames almal in wit rokke die vergaderings bywoon.**

(4) Volstrek onjuis is ook sy bewering ten opsigte van baarde in sover dit **nooit 'n O.B.-bevel was of ooit gedra was as kenteken van O.B.-lidmaatskap nie. Baarde het hul verskyning tydens die Ossewatrek gemaak, en van hulle wat dit gedra het, was net soveel, indien nie almal nie, Partymane — tans kaal geskeer.**

(5) Hy beweer ten slotte dat ,,dr. Van Rensburg op die altare van Smuts geoffer het''. Vir iemand wat in 1929 verklaar het dat republikanisme dood en Engeland die moeder van ons vryheid is, mag dit miskien **gelyk** het of die privaatsekretaris van 'n **republikein** soos Tielman Roos, indertyd Nasionale Partyleier van Transvaal, op vreemde altare offer. **Dr. Van Rensburg was naamlik destyds privaatsekretaris van Tielman Roos, wat saam met dr. Malan lid van die Nasionale Kabinet was. Geen Nasionale Minister sou seker 'n vertrouelingsekretaris gehad het wat ,,op Smuts se altare offer'' nie!**

## WAARSKUWING INSAKE GEWELDPLEGING

**Alle tekens dui daarop dat sekere persone aan die Rand, wat die Ossewabrandwag nie goedgesind is nie, 'n organisasie gestig het met die doel om geweld te pleeg en brande te stig. Die bedoeling is klaarblyklik om die indruk by die publiek te skep dat die Ossewabrandwag vir sulke dade verantwoordelik is. Hierdie indruk word verder verskerp deur sekere partypolitici en hul pers. O.B.-lede word dus gewaarsku om niks daarmee te doen te hê nie. Dit blyk ook dat sogenaamde ,,bevele'' aan O.B.-lede uitgereik word, maar dat niemand weet van wie dit afkomstig is nie.**

## MAN STAP 20 MYL NA VERGADERING

### Groot Geesdrif Tydens Toer Van Hoof-Offisiere

'n Besonder geslaagde toer van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg deur die oostelike deel van Kaapland, is so pas afgeloop. Saam met hom het ook genle. mev. dr. J. S. du Toit gereis. Vergaderings is toegespreek op Karreedouw, Port Elizabeth, Uitenhage en Kirkwood. Vandaar is die Kommandant-generaal op reis na Natal oor Cradock, waar hy 'n offisiersvergadering sou toespreek.

Op haar terugreis het mev. Du Toit, bygestaan deur komdt. George Brink, 'n samekoms van die George-kommando's toegespreek waarna sy en die Assistent-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, die kommando's op Heidelberg toegespreek en 'n samespreking met die offisiere van Caledon op die terugreis gehad het.

Oral is die geesdrif groot en vorder die reorganisasie fluks.

Verskeie ander samekomste van vroue-offisiere is deur mev. Du Toit met die oog op voorligting belê.

Van die vergadering op George het ons die volgende berig ontvang:

Op Woensdag, 27 Mei, is hier 'n O.B.-vergadering toegespreek deur komdt. George Brink, oud-L.V. vir George, hoofgenl. J. Vorster en genle. mev. dr. J. S. du Toit.

**Op die vergadering was teenwoordig veldkornet P. D. Strydom van Olifantshoek. Hy het geen rytuig tot sy beskikking gehad nie en toe hy hoor van die vergadering, het hy gestap van Olifantshoek na George—'n afstand van 20 myl.**

Genl. F. H. Robertson het die betrokke veldkornet versoek om op te staan en die gehoor het hom langdurig en luid toegejuig. Na die vergadering het genle. mev. Du Toit hom 'n handdruk kom gee en hom bedank vir die besieling wat hy haar weer opnuut gegee het. Brandwagte het dadelik reëlings getref om hom per motor die nag terug te neem. Hy het gemeen om maar weer te stap huis-toe!

Die vergadering was baie goed bygewoon en daar het 'n sprankelende gees geheers.

Soos komdt. George Brink gesê het: ,,Voorwaar daar is 'n krag agter die O.B. wat hom onderskei van alle ander bewegings of organisasies.''

Genle. mev. Du Toit het 'n treffende boodskap tot die gehoor gebring. Die O.B. mag in George ook soos in ander plekke in getalle verloor het, maar ons kommando's staan vandag hoër wat geesdrif, vertroue en offervaardigheid betref.




# Die O.B. Beskuldig van Medepligtigheid.

## Naamlose Skrywer Word As Getuie Opgediep

Toe ons die waarskuwing in Die O.B. teen die Partypolitici se nuwe offensief verlede week geplaas het, was ons bewus van die feit dat hulle, soos sedert die Paarlse toespraak van dr. Malan, volhardend voortgegaan het met hul beleid, wat in hierdie opsig honderd persent ooreenkom met dié van die Smuts-bewind en die Jingo's, om die Ossewabrandwag as 'n organisasie vir geweldpleging voor te hou. Die doel met hierdie taktiek is om deur middel van geweld die volksbeweging te laat onderdruk. Niks anders as die gewelddadige onderdrukking van hierdie beweging kan slaag om die nuwe koers, weg van partyknoeiery en slaafse onderworpenheid aan die liberalistiese beleid van posisie- en persoonlike possiejagters, te bedwing nie.

Vandaar die aanklag van manne soos dr. Malan, adv. Strydom, Die Burger en ander liberalistiese handlangers, saam met hul geesgenote van die Smutsgroep, dat die Ossewabrandwag hom skuldig maak aan sogenaamde ondermynende bedrywighede. Die Burger en sy base gaan so ver uit hul pad om so na as moontlik te kom aan oortreding van die wet op laster in hul strewe om saam met die Jingo-pers die O.B.-leiers van medepligtigheid aan sabotasie, ens. te beskuldig.

In sy hoofartikel van 4 Junie doen Die Burger dit met aanhalings uit 'n **naamlose** brief van indertyd waarin melding gemaak word van 'n beweerde bevel waarkragtens 'n aantal manne uit elke kommando gekies moes word. **Wie die bewering doen dat die ,,uitgesoekte manne'' in Kaaplandse kommando's S.J.'s sou wees, maak hom skuldig aan 'n infame leuen. In Kaapland is geen sodanige organisasie deur die O.B. gestig nie, en bestaan soiets tewens ook nie. Oor die S.J.'s in ander Provinsies het die O.B. se bestuur hoegenaamd geen seggenskap nie.** Hul ontstaan en hul verhouding tot die O.B. is uiteengesit in die Dagbestuur se verklaring van 12 Januarie 1942, wat Die Burger 'n ,,repudiasie'' noem. Die repudiasie wat hy in daardie verband sien, gaan net so ver as die repudiasie van die Partyleiding en Die Burger wat nie die sogenaamde ,,misleide'' manne wil toe-eien as lede van die H.N.P. nie. **Immers, as van daardie ,,draadknippers'' lede van die O.B. was of nog is, dan is daar netsowel ook lede van die H.N.P. en die Ned. Geref. Kerk, die Reddingsdaadbond, ens., ens.** Die Burger repudieer hulle stilswygend deur nie hul lidmaatskap van die Party te koppel aan hul beweerde draadknippery nie.

**Die insinuasie of bewering as sou daardie mense sogenaamd op bevel van die O.B. onder eed gehandel het, is net so onhoudbaar as die bewering dat die Party se bestuur sulke bevele uitgevaardig het omdat soiets in sy eed vervat is omdat daar ook Party-lede onder hulle is.** Net so min as wat die Partybestuur daarvoor verantwoordelik is, net so min die O.B.

Sover dit die volk betref, het die kruithoring-offensief al weer misluk. **Dit kan nog slegs dien — en is inderdaad ook bedoel — as 'n hulpoffensief vir Jan Smuts se Home Front, 'n poging tot onderdrukking van 'n volksbeweging wat die draer is van die omwentelingsgees in die Afrikanerdom — 'n omwenteling teen die ou Brits-liberalistiese partygees wat die knegskap van die volk onder die politieke knoeiers wil bestendig sien.**

Waarom anders aanvaar Die Burger nie die Dagbestuur se verklaring nie as ook die bevele wat van tyd tot tyd deur die hoofkwartier as waarskuwing teen verleiding en prikkeling tot gewelddadighede uitgevaardig is nie?

Die rede is verder ook nog misleiding van die volk. Dit is mos al leiding wat hierdie beroepspolitici gee, of so nie te skuil agter die beskerming van parlementêre vrywaring om verklarings te doen wat hulle buite die Volksraad nie durf herhaal nie.

Saam staan hulle as die vervolgers van die O.B. met die Jingo's van die land en saam dra hulle die verantwoordelikheid vir die uittartende beleid wat jong Afrikaners, S.J.'s, partylede, ens. prikkel tot die pleging van strafbare vergrype, om dan die skuld op die O.B.-leiding te pak terwille van 'n paar stemme!


# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| choemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn | | | |
| Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE






'N VOORBRAND PRODUK

*TANS IN VIER*

VERPAKKINGS:

GEEL — lig

BLOU — middel

ROOI — ligswaar

GROEN — donkerpyp

Voorbrand Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.

Kommissarisstraat 200

JOHANNESBURG



SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.



AFRIKAANSE DANSPARTYE

Gereeld elke Vrydagaand

in

ADDERLEYSTRAAT 22

(Regoor Garlicks)

Musiek deur

PEET KRUGER

(Voorsr van HENDRIK SUSAN)

EN SY ORKES.

Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.

Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.

Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.



SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# „Hoe Groter Die Offers Hoe Soeter Die Oorwinning"

Onderstaande oproep in verband met Fondsdag op 8 Augustus is van die vroue-hoof van Natal:

Die vrou van Natal het in die verlede geskiedenis gemaak toe sy geweier het om Natal te verlaat, voor Dingaan se mag gebreek was — die gevaar wat die bestaan van die Boerenasie bedreig het. Die man, besiel deur haar moed en standvastigheid, het moed geskep en Bloedrivier was die antwoord.

Ook ons bestaan word nou bedreig. Ons staan ook nou soos toe, 'n handjievol teenoor 'n oorweldigende vyandiggesinde meerderheid.

Laat ons toon dat ons ook nog kan **durf en doen.** Daarom rig ek hierdie oproep tot die vrou: Volg die leiding van die vrou van Kaapland. Staan vas! Staan pal! Werk vol moed en ywer soos nog nooit tevore nie. Span al u kragte in en maak van 8 Augustus een van die mylpale van 1942 op die pad van Suid-Afrika, in belang van daardie groot volksaak die Ossewabrandwag.

Wees waardig daardie pligte deur die Grootraad aan die vrou toevertrou. Wees oortuig dat u werk in belang van die grootste volksaak wat die Afrikanerdom nog ooit geken het.

Ons besef dat baie van ons offisiere en brandwagte onder baie moeilike omstandighede werk. Maar onthou, hoe groter die offers hoe soeter die oorwinning.

Toon dat u waardig is om deel te hê aan hierdie groot volksaak, deur dit in magtige dade te omskep. Onthou u werk in belang van God, Volk en Vaderland.

H. J. STEENKAMP,
Hoofkommandante, Natal.

## UNIALE BEVEL

### Aan Offisiere van al vier Provinsies

1. Offisiere moet name en adresse van Brandwagte onder hulle wat op „Die O.B." wil inteken, werf en by die Kommandant inhandig.
2. Alle name en adresse moet deur die Kommandant of 'n verantwoordelike offisier namens hom dadelik soos in punt 5 aangewys, gestuur word met die naam van die Kommando wat vir die intekengelde verantwoordelik gehou word. Vir sodanige persone word die intekengeld bereken teen 4/- per jaar. Word hierdie prosedure nie gevolg nie, word vir die persoon direk by die Provinsiale Hoofkwartier 'n rekening geopen en moet hy 7/6 per jaar betaal.
3. Intekenlyste van Manne- en Vrouekommando's moet afsonderlik gehou word, omdat elke eenheid vir hul intekengelde verantwoordelik gehou sal word.
4. **Offisiere van al vier Provinsies moet onmiddellik uitvoering gee aan bestaande reëlings. 'n Intensiewe werwingsveldtog vir nuwe intekenare moet op tou gesit word òf deur die gewone kanale, òf deur middel van spesiale werwers in elke afdeling deur die bevelvoerende offisier daartoe benoem.**
5. Alle name en adresse ingevorder deur kommando's soos hierbo uiteengesit, moet **direk** aan Voorslag (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, gestuur word. 'n Afskrif van sodanige adreslyste moet gerig word aan die Provinsiale Hoofkwartier van die betrokke kommando. Alleen in die geval van die Kaaplandse kommando's is dit nie nodig nie om sodanige afskrif te stuur. Op ontvangs van adreslyste word direk aan die betrokke persone 'n blaadjie per pos gestuur. Dit onthef offisiere van die verpligting om persoonlik te sorg vir die verspreiding van „Die O.B."

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne geriewe
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF.
Foon 2-3833
Ons Ontmoet alle Treine.
Kloofstraat, Kaapstad.

BELÊ U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBONDKAS BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

K·W·V



U Moet Hierdie BOTTELS Terugstuur
Weens die tekort aan bottels is dit nou vir u nodig om u leë K·W·V-reukwaterbottel na u handelaar terug te stuur voordat u verdere voorrade kan verkry.
Deur hierdie handelwyse te volg, sal u altoos daartoe in staat wees om K·W·V-reukwater te ontvang en u sal daartoe bydra om 'n belangrike Suid-Afrikaanse nywerheid aan te help.
K·W·V
(Koöperatiewe Wynbouersvereniging van Suid-Afrika, Beperk)
Die Paarl, K.P.
Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerder:
H. J. NIEHAUS,
Posbus 2108, Kaapstad

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS!
V.M.K. AANBEVEEL.

TE KOOP
Opreg en Suiwergeteelde
WANGANELLA-SKAAP RAMME
FRIESLAND BULLETJIES
en
GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME
Pryse Billik!!
Tevredenheid Gewaarborg.
Besonderhede van:
T. B. JORDAAN
P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

Kotzé
DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD
DIE AFRIKAANSE KLEERMAKER KLEED SUID-AFRIKA
Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen
Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 JUNIE 1942.

# Ossewabrandwag Se Beleid Bevestig

Ná dr. Malan se toesprake van 29 en 31 Mei in Johannesburg en Pretoria sal die volk seker die vraag stel wat nou nog in die weg van Afrikaner-eenheid staan. Daar is blykbaar nou geen verskil meer tussen die beleid van die Party en die O.B. nie. As woorde betekenis het — behalwe die betekenis wat dit vir stemmevangery het — is daar inderdaad nou ook geen verskil meer tussen die twee nie, altans nie sover dit beleid betref nie.

**Diktatuur.**

Die Partyleiding het die O.B. met die uitbreek van die stryd verwyt dat hy ondemokraties is. Verklaar is dat die O.B. se organisasie diktatoriaal is en dat die Kommandant-generaal 'n diktator is. Dade spreek egter luider as woorde, en toe die Partyleiding daartoe oorgegaan het om sy eie organisasie op die lees van die O.B. te skoei en met strydspanne en erewagte te voorskyn gekom het, was dit vir ons ongetwyfeld 'n stille kompliment, en toe die Partyleiding tydens die onlangse suiwering van ampsdraers van die Party mense uitgeskop het wat deur hul takke in daardie posisie **gekies** was, en toe die hoofleier van die Party gebruik gemaak het van sy diktatorale volmag om selfs **wettig benoemde kandidate** vir die tussenverkiesings se nominasie nietig te verklaar, kon daar beslis nie meer 'n beskuldiging teen die O.B. ingebring word dat hy 'n diktatuur is nie.

Hierdie moeilikheid is dus uit die weg geruim en behoort nie meer in die pad van eenheid te staan nie.

**Die Vlag.**

Ons kan ons nie herinner dat daar ooit van partykant beswaar gemaak is teen die O.B. se amptelike vlag nie — die Groen, Oranje, Wit en Blou — behalwe dat ons weet dat die Party liewer die kruithoring verkies het as vaandel. Maar 'n mens kan verwag dat wanneer 'n broedertwis ontketen word oor die vraag wie die republiek mag verkondig, daardie broedertwis voortgesit kan word oor die vraag wie se vlag eendag in die Republiek moet wapper. As dit ooit in die weg van eenheid gestaan het, dan is ook hierdie moeilikheid nou uit die weg geruim, **want dr. Malan het naamlik die Ossewabrandwag-vlag op die Johannesburgse vergadering as geskenk ontvang met die versoek dat dit gehys moet word as die Republiek daar is, en dr. Malan het sy blydskap daaroor uitgespreek.**

Die Ossewabrandwag sal geen beswaar hê dat sy vlag in die Republiek gehys word nie. Op hierdie punt het ons mekaar dus ook gevind.

**Ideologie.**

Dr. Malan het verder in Johannesburg getuig dat „ook dr. Van Rensburg praat nie vandag van Nasionaal-sosialisme nie." Dit het hom net ontgaan dat dr. Van Rensburg nog altyd net van Christelik-nasionalisme gepraat het **en dat dit dr. Malan was wat BEWEER het dat hy 'n Nasionaal-sosialis is omdat hy die Nasionaal-sosialisme nie tot 'n openbare vyand wou verklaar nie!** Niemand kan met 'n enkele aanhaling kom om te bewys dat dr. Van Rensburg Nasionaal-sosialisme bo Christelik-nasionalisme verkies het nie.

Volgens dr. Malan se eie erkenning dus is daar geen verskil van ideologie nie. Ons verstaan mekaar nou en eenheid is moontlik ook op die grondslag van 'n gemeenskaplike ideologie — **net soos voorheen, voordat die O.B. deur die verkondiging van 'n Christelik-nasionale republikeinse grondwet in onguns verval het by die leier van die H.N.P.**

**Die Grondslag.**

Dan was daar voorheen ook nog moeilikheid oor **hoe** die eenheid verkry moet word. Die O.B. het voorgestel dat dit moet geskied op die grondslag van 3 Junie 1941, **naamlik van die Eenheidskomitee.** Dr. Malan het egter aangevoer dat daardie eenheid skipbreuk gely het, en hy het 6 maande later met sy Nasionale Komiteevoorstel gekom. Hieroor het Die Burger van 30 Desember as volg geskryf: „Verlede week het ons reeds daarop gewys dat wat die Grootraad in die plek van die Nasionale Komitee aan die hand gee, daarop neerkom **dat die reeds mislukte Eenheidskomitee op nuut in die lewe geroep moet word.**"

Maar nou sê dr. Malan in Pretoria: **„Ons moet terug na 3 Junie 1941, terug na die grondslag wat daar gelê is, en terug na die nasionale komitee (hy bedoel Eenheidskomitee) wat DAAR voorgestel is."**

Dus, ook op hierdie punt van hoe die eenheid bewerkstellig moet word, het die Partyleiding nou die O.B. se standpunt aanvaar.

**Die Metode.**

Al wat nog in die pad gestaan het, was die vraag **hoe** die republiek verkry moet word. Vóór die broedertwis ontstaan het, het dr. Malan uitdruklik verklaar dat ons ons vryheid van Duitsland sal ontvang. Dit was in Julie verlede jaar dat hy op Graafwater gesê het dat dit ons enigste hoop is en dat die Duitse begeerte en ons strewe hier saamval (Die Burger 18 Julie).

**Daarna egter het die Europese winter ingetree en dit het vir sommige mense begin lyk of Duitsland die oorlog dalk kan verloor.** Toe is die O.B. verwyt dat hy net op 'n Duitse oorwinning bou en met die volk se toekoms dobbel. Die verstandigste politiek sou wees, so is verklaar, om ook vir die republiek te stem — in geval Engeland wen!

Nadat Amerika tot die oorlog toegetree het aan Engeland se sy, het dit vir Duitsland donkerder gelyk, **en is die O.B.-lede — omdat hulle toe nog konsekwent geweier het om aan die stembus-republiek te glo — beskuldig dat hulle Duitse Sappe is.** Adv. F. C. Erasmus, L.V., het toe sover gegaan om op Vryburg by voorbaat te bedank vir 'n republiek wat Duitsland ons sal gee. Letterlik het sy woorde as volg gelui, volgens verslag van Die Burger van 26 Februarie:

**„Ek bedank u vir 'n republiek wat Engeland of Duitsland ons sal gee, want hy sal lyk soos hulle hom wil hê . . . Daardie republiek lê nie op die weg van Churchill of Hitler nie, maar op die pad waarop die stembus is."**

Drie weke gelede egter het Duitsland getoon dat die winter hom nie dood gemaak het nie. Sy eerste veldslae van die lente was buitengewoon suksesvol. **Dit het dr. Malan blykbaar laat besef dat die O.B. se beleid nie alte verkeerd is nie. Hy praat dus nie meer van die stembus nie, maar doen 'n beroep op Duitsland om te verklaar dat hy ons ons vryheid ná die oorlog sal gee.**

Oor die vraagstuk van metode is daar dus ook niks meer wat in die pad van eenheid staan nie. Die party aanvaar die O.B. se beleid.

**Die Leier.**

**Die Party het dan reeds die O.B. se organisasievorm, sy ideologie, sy vlag, sy grondslag vir eenheid en sy metode aanvaar as die regte. Nou is dit nog net die kwessie van leierskap wat opgelos moet word.**

En hier kom die vraag: As Duitsland ons ons vryheid moet gee, aan wie sal hy dit by voorkeur gee — **aan die man wat in die tyd van sy winternood hom daarvan beskuldig het dat hy graag 'n opstand in die Unie wil verwek om verwarring te skep, en in die Parlement verklaar het dat Duitsland Suid-Afrika graag in besit wil hê, of die man wat aan die hoof staan van 'n beweging wat selfs in Duitsland se grootste nood volhard het in sy geloof dat die republiek nie langs die weg van die Britse stembus lê nie — selfs al moes hulle die beskuldiging van mede-Afrikaners verduur dat hulle Duitse Sappe is?**

**Dit is 'n uiters belangrike vraag vir die volk om te beantwoord, indien hy hoop om die Republiek uit Duitse hand te ontvang in plaas van dit by die stembus te gaan haal.**

# Maar Hy Weier Om Die Fakkel Te Oorhandig

„Na 1902 het die Afrikanervolk gevoel dat hy 'n Godgegewe roeping het en daarom het hy hom georganiseer in 'n politieke party wat uiteindelik geword het die H.N.P. van vandag . . . **Die Party het die fakkel geneem uit die hande van die geslag wat was en dit gegee aan die geslag wat kom.**"

Hierdie harde waarheid is deur dr. Malan in Johannesburg op 30 Mei jl. gesê, en ons wil ons daarby aansluit.

Almal wat op die hoogte is met ons geskiedenis sal onthou dat na 1902 die Afrikanerdom homself georganiseer het in 'n organisasie wat hulle genoem het **Het Volk.** Leiers van hierdie organisasie het daarvan gepraat as „ons organisasie" en nie as „ons party" nie. Ons dink insonderheid aan wyle genl. Beyers. Dit is die politieke party waarna dr. Malan verwys en wat „uiteindelik geword het die H.N.P. van vandag."

**Dit is so. Die ou Het Volk het later die fakkel oorgedra aan die Nasionale Party van genl. Hertzog nadat genls. Botha en Smuts van die regte koers afgewyk het. Dr. Malan kan hom dus met reg daarop beroep dat die Nasionale Party later die fakkel oorgeneem het, „en dit gegee het aan die geslag wat kom." Die geslag wat kom, is vandag in die Ossewabrandwag georganiseer wat die ideale van die toekoms beliggaam. So word die fakkel van die een na die ander oorgegee.**

Maar nou gebeur die snaakse. Dr. Malan, nadat hy die fakkel vir 25 jaar gehelp dra het, **weier tans om dit aan die geslag wat kom, te oorhandig!**

En sy rede daarvoor is dat die Party daar was voor die Ossewabrandwag en dat alles wat die volk totsover bereik het, deur die Party tot stand gebring was! **Maar as dit 'n rede is, kan genl. Smuts, wat een van die stigters was van Het Volk, nie netsowel beweer dat sy party daar was voor die Nasionale Party en dat hy nog die fakkel vandag moet dra in naam van Het Volk nie?**

**Elkeen loop mos sy afstand en moet die fakkel dan aangee na die volgende een, na „die geslag wat kom"!**

**As een of ander Voortrekkerfakkeldraer tydens die Eeufees geweier het om die fakkel aan die volgende Voortrekkertjie af te gee, sou die fakkel ooit betyds by die Eeufeesterrein aangekom het?**

## NEGE SJIELINGS VERWERK TOT NEGENTIEN POND

### Lofwaardige Ywer van Dames

Op 17 Maart het asst.-veldkt. Geldenhuys van die Tiervlei-Vroue-kommando 9 sjielings uitgedeel aan 'n paar lede van die veldkornetskap om daarmee te woeker. Twee maande daarna het dit die pragtige bedrag van £19-2-3 ingebring! Korp. mev. Botes het 'n voorwerp opgeveil en met die wins 'n pannekoekaand gehou, wat 'n mooi opbrengs gelewer het. Met die geld het sy materiaal gekoop en frummelplooi-rokkies gemaak. Dit het die bedrag van £5 ingebring.

Mej. M. Franken het met haar sjieling wol gekoop en twee paar kinderskoentjies gebrei. Dis verkoop vir 3s., waarmee sy nog meer wol gekoop en drie paar gebrei het, as ook mansokkies. Met die opbrengs het sy hekelgaring gekoop en kraaldoekies gehekel. Altesame het dit £5-15-3 ingebring. Sy het glo feitlik dag en nag gewerk.

Hierdie dames verdien alle lof vir hul pragtige ondernemingsgees, veral as 'n mens in ag neem dat die Tiervlei-kommando hoofsaaklik uit Afrikaners bestaan wat nie so wel toebedeeld is na die stoflike nie.

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

# DIE OORLOG

## MEER LEWE AAN DIE WESTERSE FRONT

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Gedurende die afgelope strawwe winter het die inisiatief aan die Russiese front oorgegaan in die hande van die Russe. Die Spilmagte, wat hul in winterkwartiere teruggetrek het, was op die verdediging. Daar was dan ook baie profete wat destyds voorspel het dat die Russiese winter, die Russiese geografie, die geweldige Russiese mensemassas aan die Spilstrydmagte in Rusland dieselfde dodelike slag sou toedien as aan die trotse leërs van die groot Napoleon in 1812. Hierdie profesie, soos baie ander, is nie vervul nie. Die winter het verbygegaan en die lente het gekom en met die lente ook verhewigde krygsbedrywigheid aan die Russiese front. Die Russe het egter die inisiatief behou en sedert die middel van Mei is ons koerante oorlaai met optimistiese berigte oor 'n geweldige en suksesvolle offensief van die Bondgenoot in die gebied van Karkof. Daar is in ons nuusberigte breedvoerig uitgewei oor 'n Russiese knyptangbeweging, met sy noordelike knyper in die gebied van Karkof en sy suidelike knyper in Kerch, wat die verdrywing van die Spilmagte uit die Oekraine en die Krim as doelstelling sou gehad het. Skielik egter het die hoopvolle berigte uit Rusland 'n gedempte toon begin aanslaan. Die Russiese front het nie langer in die hooflyne van die oorlogsnuus verskyn nie. Ook die toon op die beurse van Nu-York en Londen skyn aan te dui dat dit met die Russiese offensief nie voor die wind gegaan het nie. Intussen maak die Duitsers aanspraak op verpletterende oorwinnings by Kerch en Karkof en hoewel die Russe hierdie oorwinnings maar gedeeltelik toegee, is dit tog duidelik dat die so luid aangekondigde Russiese voorjaarsoffensief tot stilstand gekom het.

In sy lang militêre geskiedenis was die Russiese kolossus nooit 'n uitblinker op die aanval nie. In die huidige oorlog is dit dan ook herhaaldelik bewys. Met alles in hulle voordeel kon die Russe gedurende die afgelope wintermaande nie daarin slaag om belangrike vooruitgeskowe en byna geïsoleerde voorposte van die Duitsers te oorrompel nie. Aan die ander kant is die Rus, gehelp deur sy numerieke oorwig en die geografie van sy land, 'n gedugte verdediger. Dit was nog altyd die ondervinding van volke wat die Rus op sy eie bodem aangedurf het.

Op die oomblik heers daar betreklike stilte aan die Russiese front. Of dit die stilte voor 'n nuwe storm is, sal die volgende paar weke moet bewys.

### DIE AFRIKAANSE FRONT

Terwyl die slag by Karkof nog aan die gang was, het die Spilmagte in Noord-Afrika 'n aanval gemaak. Hierdie aanval sal vir menigeen 'n verrassing wees aangesien die klimaat hom in daardie deel van ons vasteland en in hierdie tyd van die jaar nie juis vir grootskaalse oorlogsvoering leen nie. Miskien was dit juis hierdie onverwagte, hierdie element van verrassing, wat die strydmagte van die Spil vér agter die Britse linies gevoer het. Hoewel die slag op die oomblik nog aan die gang is en die uitkoms daarvan derhalwe nog nie bepaal kan word nie, lyk dit tog of sommige Britse afdelings in die gevaar verkeer om tussen twee vure te geraak en deur Rommel opgefrommel te word. Vir die Spilmagte self skyn hierdie waaghalsige onderneming in 'n waterlose woestyn met lang en gebrekkige verbindingslinies ook nie sonder gevaar te wees nie. Aangesien die inisiatief egter van Rommel uitgegaan het ,skyn dit nie onwaarskynlik dat hy ook met die moontlike gevare rekening gehou het nie. Die vraag is egter: Wat voer Rommel in die skild? Waarvoor het hy die waterstroompies van Derna verlaat om in die dorsland van Libië te gaan swaarkry? Het sy jongste aanval slegs lokale betekenis of maak dit deel uit van 'n groot offensief in die rigting van die Brits-beheerde Nylmonding en Suezkanaal? Met die oog op reeds genoemde natuurlike hindernisse skyn laasgenoemde doelstelling onwaarskynlik hoewel die strategies-belangrike kanaal nog altyd niks anders as 'n begeerde doelwit van die Spilmagte kan wees nie.

### 'N DUISEND BRITSE BOMWERPERS OOR DUITSLAND

Terwyl die jongste oorlogsberigte van die verskillende fronte vir die Geallieerdes nie juis as opbeurend beskou kan word nie, het daar nou skielik weer iets plaasgevind wat veel ruimte vir die fantasie laat. As voortsetting op die verhewigde maar sporadiese lugaanvalle op Lübeck en Rostock sou daar nou met nie minder as een duisend bomwerpers tegelyk nagtelike aanvalle op Duitse stede gemaak word nie. Deur dergelike aanvalle, so word ons verseker, sou nie alleen die Duitse oorlogspotensiaal nie, maar veral die Duitse moraal ernstig geskaad word. Die duisend nagtelike bomwerpers sou terselfdertyd 'n soort van tweede front teen Duitsland skep en hierdeur so die geteisterde Russiese bondgenoot nie anders as gebaat word nie. In die nagtelike bomwerper is nou eindelik die wapen gevind wat die Duitsers op die knieë sal bring. Dit klink alles baie mooi en mag selfs baie waar wees. Maar waarom dan so lank met hierdie wonderwapen gewag? Waarom dan nie reeds lank gelede hierdie wapen gestuur na plekke soos Noorweë, Duinkerken, Griekeland, Kreta en verskillende plekke in die Verre Ooste nie toe geteisterde Britse soldate keer om keer gesmeek het om meer vliegtuie en nogmaals meer vliegtuie?

Dit is moontlik dat Brittanje destyds nie oor genoeg vliegtuie beskik het nie en dat hierdie leemte vandag deur Amerikaanse hulp aangevul is. Dit is ook moontlik dat nagtelike bomwerpers in ruime mate kan bydra tot die uitslag van die huidige oorlog. Dit wil egter skyn asof die propaganda op die oomblik geneig is om die waarde van hierdie wapen te oordryf. Dit wil skyn of veral die Britse propaganda van die standpunt uitgaan dat die Duitse moraal en die Duitse oorlogsnywerheid anders op lugaanvalle sou reageer as die Britte toe Brittanje deur die ,,blits'' geteister was. Uit die ondervinding van hierdie oorlog wil dit lyk of die bomwerper, sonder die ondersteuning van ander wapens, nie beslissend kan wees nie. Die vyand sal wel ook sy teenmiddels hê en 'n blik op die huidige kaart van Europa sal openbaar watter lande die kwetsbaarste uit die lug is. Die nagtelike bomwerpers is 'n tweesnydende wapen.

## VOLK ONDER EED VERBIND NÁ BLOEDSUIWERING

(DEUR DS. T. N. HANEKOM.)

Neh. 10: 28, 29. ,,En almal wat hulle afgesonder het van die volke van die lande het by hulle broers aangesluit, en hulle het onder eed en met beswering hulleself verplig om te wandel in die wet van God . . .''

By alles wat verlore geraak het in Israel in die jare van sy vernedering, was ook die eerbied vir die eed. Die eed is heilig, want dit is 'n beroep op God, die Heilige! Nehemia het dit geweet en wou dit by sy volk weer inskerp. Daarom bring hy die volk weer bymekaar en daar, onder die ope hemel, snoer hy die volk saam in 'n heilige eed-verbond. En dit was baie stil! Wie voor die Here sweer, swyg ook met sy mond. Hy praat alleen met sy hart. Dan is die tyd vir argumente en redenering verby; dan maak ons ook nie meer vir mekaar beloftes nie; want in sulke ure word geloftes gebore!

Van hierdie gelofte-verbond is daar baie en heerlike dinge te verwag. Dit is bemoedigend om daarop te let dat hierdie eed met groot erns en opregtheid geneem is. Dit was nie maar 'n funksie om stemming te maak vir die oomblik nie, maar 'n heilige plegtigheid, vol huiwering en aangrypende erns. Want hierdie mense het seker besef dat 'n eed vir altyd moet staan en nie verbreek mag word nie. Wie die eed verbreek, skend die majesteit van die heilige God! Daarom ook het Nehemia hierdie plegtigheid lank uitgestel totdat die volk eers gesuiwer was van alle vreemde, heidense elemente. Die eed is geneem deur ,,almal wat hulle afgesonder het van die volke van die lande.'' Voor die tyd was dit onmoontlik om die eed te neem en net so onmoontlik om dit te hou. Daar is mense wat 'n eed neem met hul lippe en gedagtes uitspreek wat nog nooit in hul hart gelewe het nie, en dan is die gevaar onvermydelik dat die eed verbreek word en heilige bande weer verskeur word; dan word geloftes wat aan die Here gedoen is, vergeet en verwaarloos; dan staan die ,,gelofte-koppie'' op ons volkspad, soos 'n uitgedoofde altaar, sonder rook of vuur en sonder offer!

Die inhoud van hierdie eed word saamgevat in die woorde hierbo genoem: ,,verplig om te wandel in die wet van God.'' ,,Na die wet en die getuienis,'' was die leuse. Die woord van God was die lig op hul pad, en het hulle gelei tot drie besluite. Allereers het hulle onderneem om die bloedstroom van hulle volk suiwer te hou. Hulle sal die dogters van die volk weghou van die vermengingsmaalstroom. En ook hul seuns. Ook sal hulle die Sabbat weer in ere herstel en dit heilig as die dag van die Here. En wat nog verder strek, hulle sal die verbroke altare weer opbou en ,,vuur maak op die altaar van die Here hulle God.'' Hulle sal weer die volk leer om te offer. En sodat dit vas kan wees, is elke man en vrou en kind onder eed geplaas; en wee die wat sy eed aan die Here nie hou nie!

Terwyl ek hierdie drievoudige eed oorpeins, sien ek baie dogters van my volk in vreemde hande, ,,gekraak, gebreek.'' Ek dink aan so baie Sabbatsdae wat in ydelheid verlore gaan, ontheiligd as vakansiedae. En, ek sien ook meer as een altaar van my volk maar flou-flou brand. En die wat uitgedoof is, deur verwaarlosing, kan ek glad nie sien nie. Hulle het weggeraak in die donker! En ek vra, met smart, waar is ons eed en waar ons volkshervormer?
—(Uit Die Matie.)

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre Mark**

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.

## PENKOPPE OP MALMESBURY

Die offisier van die Jeugfront van Malmesbury, mej. I. van Aarde, gee die volgende uiteensetting van hoe die Penkoppe daar georganiseer is:

Daar is 52 dogters in ons Jeugfront. Ons het ses afdelings gestig. Elke afdeling dra die naam van 'n kinderheldin uit ons geskiedenis met 'n toepaslike leuse, bv. Elsa Nel — Ek sal my mede-Afrikaner nie aan die vyand uitlewer nie; Debora Maritz — Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra. Die dogters van elke afdeling is besig om vir hulle 'n vaandel te maak. Die vaandels is groen, oranje, blou of wit — die kleure van die O.B.-vlag. Op die vaandel is die naam van die afdeling met die leuse in goud of silwer of swart. Die vaandel word aan een stok gedra.

Aan die hoof van elke afdeling word die dogter gestel wat die wakkerste en mees belangstellend is; sy is die sweep wat die ander moet wakker hou. Een dogter is tot skakel tussen die afdelings benoem en is die voorslag in die veldkornetskap.

Omdat dit nie moontlik is om die dogters tydens die skoolwerk almal byeen te kry nie, het ons besluit om aan die begin van elke kwartaal sekere werk aan hulle uit te deel wat teen die end van die kwartaal voltooi moet wees en waarvan op bepaalde datums verslag gedoen moet word. Ons het bepaal dat elke dogter elke kwartaal minstens een stuk landsdiens moet verrig.

Mej. Van Aarde skryf ook dat die Penkoppe nog besig is om te woeker met die pennies wat hulle van genle. mev. Du Toit ontvang het. Sommige het saad geplant om later die plantjies te verkoop. Sy skryf ook dat hul vryheidsvlam nog steeds brandend is.

## PENKOPPE KAMP OP BLOUBERGSTRAND

'n Groot O.B.-vlag op die nok van 'n huis aan Bloubergstrand het verlede naweek die kwartier van die Penkop-afdeling van die Franschhoekse O.B.-kommando aangedui.

Onder hul kommandant en sy gade en offisiere, bygestaan deur vroue, was die Penkoppe in die voorste en ruim strandhuis aan die strand gehuisves waar die jongspan die heerlike sonskyn geniet en hul met nuttige tydverdryf besig gehou het.

Die reëling in verband met die huisvesting, voeding en vervoer was uitstekend, soos dit altyd die geval met O.B.-sametrekkings is, en die kommandotjie het dit veel geniet. Die gesigte van die jongspan het van vreugde gestraal toe die A.K.G. heel toevallig daar aangekom en 'n tydjie saam met hulle verkeer het.

## NOG 'N WOEKERAAR

Ons het berig ontvang van nog 'n Penkop wat met sy drie pennies somaar baie geld verdien het. Hy is Arthur Harris van Tiervlei. Hy het besluit om nie net te woeker nie, maar ook te werk, soos dit 'n goeie Penkop betaam. Hy het vir sy moeder werkies gedoen tot hy 1/6 gehad het. Daarmee het hy meel gekoop en die koekies wat sy moeder daarvan gebak het, het hy verkoop vir 5s. Hy kon dus 5 sjielings terugbring vir sy 3 pennies.

## VYFDEKOLONNERS!

'n Week of wat gelede het daar die volgende belangwekkende sinsnede in 'n berig van Sapa-Reuter in die pers verskyn in verband met 'n klopjag in Australië: „Die militêre owerheid het 19 manne en 'n vrou geïnterneer. Daar word gemeen dat hulle betrokke was by die sogenaamde „Australië Eerste"-beweging. Die planne sou glo aantoon dat die vyfdekolonners voornemens was om met die Japanse leër in aanraking te kom wanneer hy Australië binneval."

As 'n Australiër staan vir Australië eerste en 'n Afrikaner vir Suid-Afrika eerste, is hulle vyfdekolonners!

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Reeds Erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3,368 | 0 | 3 |
| Tiervlei Vroue-Kommando .. .. .. .. .. .. .. | 9 | 12 | 3 |
| Verdere Bydrae Wynberg Manne-Kommando | 2 | 12 | 6 |
| Vroue-Kommando Rondebosch .. .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| Oude Molen Manne-Kommando .. .. .. .. | 2 | 10 | 9 |
| Aanvullende Lys W4, W5 en W6, Kaapstad | | 17 | 0 |
| Lyste Nos. 12 en 568 Vroue-Kommando Ceres en Kollektes | 19 | 19 | 0 |
| Lys 356 Manne- en Vroue-Kommando Riversdal | 13 | 10 | 0 |
| Aanvullende Lys 421, Vroue-Kommando Uitenhage | 2 | 10 | 6 |
| Lys 452 Worcester .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 11 | 12 | 0 |
| | £3,432 | 9 | 3 |


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### HUWELIK

COLESKE—COERTZE. Ons, Catharina Maria Coertze van Rietfontein, Rietbron en Johan Jacobus Coleske van Kalkkraal, Willowmore maak hiermee aan Brandwagte bekend dat ons (D.V.) gaan trou in die N.G. Kerk te Willowmore, op Maandag, 22 Junie 1942 om 2-uur n.m. Gelukwense: Karoo Kafee, Willowmore.

### BENODIG

CHRISTELIKE dame omtrent 35 jaar, om ou moeder op te pas. Salaris £3 per maand. Besonderhede omtrent pligte sal verstrek word op aanvraag. Genl. H. du Toit, Forthampton, Fouriesburgstasie.

### GOUE MEDALJE VRUGTEBOME
(Julie-Augustus planttyd)

Duisende Planters vanaf Kaap tot aan Sambesie geniet die vrug van hul arbeid met **HERHOLDT** se beroemde bome, — hulle groei, dra en stel tevrede!
**JUBILEUM**, ons gevierde „Kersfees Elberta," enorme draer wanneer ander Perskes faal. **HERHOLDT'S X.B.**, ons nuwe prok selfkleurige geelvleis, ryp vroeg Januarie, smaak van Tvl. Geelperske. £7-10-0 per 100. **SUIKERBOSSIE** — die lekker verbeterde Parwee, 5/- elk. Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elbertaperskes. Appelkose, Pruime, Nektariene, Kwepers, Appels, Granate, Vye, vroeg tot laat soorte vanaf 1/-. Pere, Kersies, Okkerneute, Moerbel, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Aanvraag groot, bestel sonder versuim.
Geïllustreerde Katalogus gratis.

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

# VOLKSKAS IS U EIE BANK!

***Fondse oorskry £1,800,000.***

**Hoofkantoor:**

**Volkskas-gebou, Sentraalstraat,**

**PRETORIA**

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

# PORTERVILLE ROLLER MEULE

**Eienaar: J. A. du Toit.**

**Vars en Suiwer Koringmeel Altyd op Hande.**

**Gemaal van die Beste Koring in die Westelike Provinsie.**

Pryse: 200 pond vir 32/6
100 „ „ 16/9
50 „ „ 8/6

**Eerlike Behandeling Gewaarborg.**

**PORTERVILLE.**

# *Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in....................................

Naam:....................................

Adres....................................

(O.B. 27 Mei 1942) ....................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

# Helpmekaar

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG.**

**Posbus 3512. Foon 22-3512.**

# KRAALMIS

## EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 29/- |
| 20 ton en meer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 28/- |
| 40 ton en meer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 27/- |
| In kliënte se sakke .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 18/- |
| Potas mengsel (mis en as) .. .. .. .. .. .. .. .. | 40/- |
| Potas (mis as) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 40/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke, gelewer Unie stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hammermeulgemaald, spesiaal voorberei vir Kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. Bank Referensie: Volkskas, Port Elizabeth.

**B. J. ROODE**

**Posbus 15, Klipplaat.**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.